



Onrustig. . . na . . . Rustig



Graad 4-7

Open met gebed

Verwelkoming, nuwe maats, sang en verjaarsdae

Aanbieder kom in met sportklere aan. Hallo maats.

Gee vir die kinders wat onthou het om hulle gunsteling vers van die vorige tema (Verdwaal na Gevind) saam te bring, 'n kans om die vers met die ander te deel. Hulle kan dit dan op die Verdwaal na Gevind Icon gaan vassteek.

Ek gaan weer vandag bietjie oefen. Staan julle op dan oefen julle saam met my. Sjoe, dit was nou lekker om 'n bietjie te beweeg en spring né. Kom ons kyk wat is vandag in die hoepel en waarna kan ons spring.

Inleiding:

Wie van julle was al bang vir iets? Laat die kinders reageer. Ja, almal van ons is soms bang. Dalk is jy bang vir die donker, dalk is jy bang vir die daardie een vak waarmee jy sukkel, dalk is jy bang vir juffrou of die maats wat jou boelie by die skool. 'n Ander woord vir bang kan ook wees angstig of vrees. *Hoe voel ons wanneer ons bang of angstig voel? Laat kinders reageer.* Ja, dit voel of jou hart sommer klop hier in jou keel, dalk is jou maag seer, of dit voel of jy moeilik asemhaal, party mense se hande sweet as hulle baie bang is. Ons sê soms jy voel sommer onrustig oor iets.

Boodskap (les):

Benodighede:

- *Deurskynende blompot*
- *Skinkbord*
- *Water (Vrees)*
- *Bos blomme (Dankbaarheid)*
- *Klippe (God)*
- *Sand (Grens)*

Plaas die blompot bo op die skinkbord. Maak die blompot tot heel bo vol met die water. Verduidelik aan die maats dat die water VREES simboliseer. Soms kan VREES, of bang wees of onrustigheid, ons hele lewe oorheers. **Het julle dalk al so gevoel?**

Vra vir een kind om die vers te lees: Jesaja 41:10 "Ek is by jou. Jy hoef nie bekommerd te wees nie. Ek is jou God. Jy hoef nie bang te wees nie. Ek sal jou help. Ek sal jou sterk maak. Ek sal jou met my krag beskerm." DB

Gee vir 'n paar kinders elkeen 'n rots wat hulle versigtig in die pot sit. **Kan julle raai wat of wie simboliseer die rotse? Gee hulle kans om te antwoord.** Dis reg die rotse simboliseer God.

Vra vir 4 verskillende maats om solank hulle Bybels by die volgende verse oop te maak, gee hulle dan elkeen die geleentheid om die vers te lees:

- *2 Sam. 22:32 "Want wie anders as die Here is God? Wie anders as ons God is 'n rots?" NLV*

- *Psalm 18:3 “Die Here is my rots, my vesting en my redder, my God en my rots by wie ek skuil.” NLV*
- *Psalm 18:47 “Die Here leef! Ek prys my rots! Ek loof God rots van my redding” NLV*
- *Psalm 56: 4,5 “Die dag wanneer ek bang word, sal ek net op U vertrou. In God, wie se woord ek prys, in God is my vertroue; ek sal nie vrees nie.” NLV*

Weet julle maats, God is ons rots en wanneer ons op Hom vertrou as ons Rots gee Hy vir ons die vermoë en die waagmoed om ons vrese te oorkom.

Gee nou vir ‘n paar ander kinders in die klas elkeen ‘n blom wat hulle in die blompot plaas. Wys die kinders daarop dat elke blom wat hulle in die water plaas veroorsaak dat die water oorloop.

Lees nou Fil. 4:6,7 “Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom DANK vir alles wat Hy doen. En God se vrede, wat meer is as wat mens dink, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou omdat julle aan Christus Jesus verbonde is.” NLV

Verduidelik aan die kinders dat dankbaarheid jaag die vrese weg. **Wat bedoel ek met hierdie stelling?** Die blomme simboliseer dankbaarheid, elke keer wat ons ‘n blom in die pot gesit het, het die water oorgeloop, so die Vrees in die pot het minder geword. **Kom ek gee vir julle ‘n voorbeeld.** Wanneer julle ‘n groot toets moet skryf, dan is jy mos super bang en benoud vir daardie vraestel. As jy die vrees die oorhand gaan gee, kan jy baie sleg doen. As jy liewers vir God vra om jou te help en vir Hom dankie sê dat Hy jou die kennis en die vermoë gee om die toets te kan slaag. Hierdie dankbaarheid gaan die vrees in jou hart minder maak, want jy fokus liewers op God as jou vrees.

Kyk bietjie, is daar nog water oor in die pot? Ja, daar is hoe gaan ons dit wegstry? Vra ‘n kind om die sand nou versigtig in die blompot te gooi.

Lees nou Jeremia 5: 22b “ Ek is die Een wat die sand as die grense vir die see vasgestel het. Die see kan nie hierdie grense oorskry nie.” NLV

Verduidelik dat God die sand gemaak het en dat Hy dit daar geplaas het om die see op sy plek te hou. Net so moet ons God toelaat om die sand in ons lewens te wees om die vrese, angs en bangheid wat ons soms in ons lewens ervaar weg te hou.

Afsluiting:

Maats, dink bietjie aan die verhaal van Dawid en Goliat. **Dink julle dat Dawid enigsins bang was om uit te gaan en die reus Goliat aan te vat?** Verseker moes hy ook bang gevoel het maar, het hierdie vrees hom weerhou om uit te gaan en die reus te gaan uitoorlê. Definitief nie. God was sy rots en hy het daaraan vasgehou dat God vir hom die krag sou gee om Goliat te wen.

Kom ons lees wat het Dawid vir Goliat gesê. Vra een van die kinders om 1 Samuel 17:45 te lees “... maar ek kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige God...” Afr. 83

Laat die hele groep hulle kernvers opsê : Fil. 4:13 “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.”

Kom ons ‘Move’ vandag van kinders wat bang was na Jesuskinders wat weet God is ons rots. **Demonstreer dit met die hoepels. Spring van een wat Angstigheid en bang wees simboliseer na die ander hoepel wat rustigheid(vrede) simboliseer.** Laat die kinders die kernvers sê soos wat hulle van die een hoepel na die ander spring.

Kleingroepaktiwiteit:

Gee vir elke kind in die groep die geleentheid om een ding te noem wat hom / haar bang maak of wat hulle hart onrustig maak.

Gee vir elke kind 'n wit klip , hulle gaan op die klip skryf 'God is my Rots'.

Die uitdaging is om hierdie klip op 'n strategiese plek in hulle kamer te plaas (bedkassie, spieëlkas of lessenaar). Elke keer wat hulle bang of onrustig voel herinner hierdie klip hulle, dat God hulle rots is en Hy is in beheer. Hulle moet dan ook wanneer vrees oorvat, in gebed met God praat en dankie sê vir alles wat hulle het en kan doen. *Onthou maats, hoe meer jy op God fokus hoe minder gaan jou vrese wees, hoe meer sal God se Vrede in jou hart rus .*

Sluit dan as 'n groep af , hulle kan vir mekaar bid of in die kring omgaan en elkeen kry 'n beurt.

Elke maat kry sy/haar "badge" van die dag.

Hulpmiddelen
en
aktiviteiten

An open book is shown in the foreground, slightly out of focus. The pages contain text, including a section titled "PSALM 72". The background is a soft, blurred light, suggesting an indoor setting with a window. The overall mood is peaceful and contemplative.

Ek is tot*alles* in staat
deur *Hom* wat my
krag gee!

Filippense 4:13
Simone Trollip

Dawid se sakkie vol klippies: Voorskool



Benodighede:

- Bruinpapier sakkie
- Kernvers vir voor op die sakkie
- Tou
- Gom
- Inkleurkryte
- Speelklei om 5 klippies te rol.

Aktiwiteit:

1. Kleur die teksversie mooi in en dan kan die kinders dit voor op die sakkie plak.
2. Hulle kan die sakkie self ook mooi versier of prentjies op teken..
3. Gee vir elke maatjie 'n bal klei wat hulle dan in vyf kleiner balletjies moet rol om in die sakkie te sit.

1 Samuel 17:45

“... maar ek kom
na jou toe in die
Naam van die
Here die

Almagtige God ”

1 Samuel 17:45

“... maar ek kom
na jou toe in die
Naam van die
Here die

Almagtige God ”

1 Samuel 17:45

“... maar ek kom
na jou toe in die
Naam van die
Here die

Almagtige God ”

1 Samuel 17:45

“... maar ek kom
na jou toe in die
Naam van die
Here die

Almagtige God ”

1 Samuel 17:45

“... maar ek kom
na jou toe in die
Naam van die
Here die

Almagtige God ”

1 Samuel 17:45

“... maar ek kom
na jou toe in die
Naam van die
Here die

Almagtige God ”